

Taaltwiste: van toeka tot 2020

Die lewe van die Afrikaanse Taalmonument sou nooit maklik wees nie: van konsepie in 1942 tot geboorte in 1975 tot storm-en-drang-tienerskap tussen 1990 en 1994, en eindelijk middeljarigheid in 2020, moes sy 'n swaar las dra. 'n Las wat eindelijk ligter raak, reken MICHAEL JONAS en SYBRANDUS ADEMA, wat 'n paar taalswaeltjies op die horison gewaar.

- 22 NOVEMBER 2019
- [MENINGS & DEBAT](#)
- 7 MIN OM TE LEES
- Sybrandus Adema & Michael Jonas



IN HAAR VOLLE GLORIE ... Die Taalmonument in die Paarl.
123RF/GROBLER DU PREEZ

DIE idee om 'n "waardige taalmonument in die Paarl" op te rig en beurse toe te ken aan "verdienstelik gevorderde studente wat hulle spesiaal op 'n intensiewe studie van die Afrikaanse taal wil toelê", is in 1942 geopper en 'n Taalmonumentkomitee, 'n privaat inisiatief, is op die been gebring.

Reeds tóé was die idee omstrede – pennestryde is in koerante gevoer en harde koppe is gestamp – en dit sou twee dekades duur voordat genoeg geld ingesamel kon word om 'n ontwerpkompetisie te loods. Die omstredenheid rondom die monument het oorwegend met die ligging, die voorkoms, die aard of funksie, die simboliek en die politiese ondertoon daarvan te make gehad.

Sommige kommentators was bloot teen die hele gedagte gekant en het die wenslikheid van of noodsaak vir die oprig van so 'n monument bevraagteken.

Twis en kritiek

Toe argitek Jan van Wijk se ontwerp uit 12 inskrywings gekies is, het nog twis gevolg. Die komitee se eerste voorsitter, ds. P.J. Loots, was gekant teen die insluiting van Afrikaans se Suidoos-Asiatiese en Afrika-wortels. Dinge het só handuit geruk dat Loots en sy ondersteuners later selfs gedreig het om die openingsplegtigheid met geweld en sabotasie te ontwrig.

Intussen het talle kritici geëis dat swart en bruin Afrikaanssprekendes ook 'n regmatige rol in die oprig en inwy van die monument moet speel. Groot openbare druk het opgebou, veral deur vooraanstaande Afrikaanse skrywers wat gedreig het om die openingsplegtigheid te boikot as bruin mense nie ook by alle aspekte van die inwyding betrek word nie.

Van Wijk verklaar in sy boek oor die Taalmonument dat hy spesifiek aan die komitee gevra het wat die bedoeling was met die woord "ons" in die deel van die prysvraag wat lui: "Dit moet die wonder van *ons* kulturele en staatkundige opbloei versinnebeeld." Die antwoord was dat dit verwys na alle bevolkingsgroepe "wat deel gehad het en belang het by die ontwikkeling van Afrikaans".

Danksy hierdie dryfvere het rede geseëvier en dit het gelei tot die insluiting van al die bogenoemde groepe in die inwydingseremonie deur onder meer die voorlees van Adam Small se Afrikaanse gedig "Nkosi Sikelel' iAfrika" en 'n verskeidenheid kore.

Meer as net 'n stuk beton

Tog was dit oorwegend 'n wit Afrikaner-borsslanery met fakkels en 'n toespraak deur die destydse premier, B.J. Vorster. Ons haal hom aan: "As

u moeder maar net 'n vrou is, as u vlag net 'n lap is, as u volkslied maar net 'n gedig is, as u vaderland net 'n stuk grond is, as u taal maar net 'n kommunikasie-middel is, dan sal hierdie monument vir u net nog 'n struktuur van beton en graniet wees, 'n leweloze struktuur wat baie geld gekos het, wat nooit moes gewees het nie en wat spreek van die dood.

"[Afrikaans] het geen boek gehad nie, geen literatuur waarna verwys kon word. Hy was onwelkom in die skool. Hy is nie op die kansel geduld nie. Hy moes homself teen 'n oormag bewys, en hy het. En dáárom is hier 'n monument vir hom in die Paarl opgerig."

Dit het hy nogal in 1975, die amptelike Taaljaar, gesê (100 jaar ná die stigting van die taalaktivistiese Genootskap van Regte Afrikaners en 50 jaar nadat Afrikaans 'n amptelike taal geword het) wat kort daarna deur die anti-Taal-opstande van 1976 gevolg sou word – helaas weens die apartheidsregime se taalkaping wat 'n hoogtepunt bereik het.

Van Stonehenge tot 'unifier'

Die storm het nie ná die inwyding gaan lê nie. Talle Afrikaanssprekendes, onder wie akademië van oor die kleurspektrum en veral bruin mense wat uitgesluit van die monument en sy raison d'être gevoel het, het deur die jare hul misnoeë met die monument te kenne gegee.

Daar is onder meer gesê die monument is " 'n groot stuk nwata" (Kaaps vir gemors), 'n apartheidsmonument, 'n monument vir die wit intellektuele ghetto, 'n oogskending, 'n aanslag op die natuur, pateties, 'n kruisiging [sic] tussen 'n laat-Fasistiese Stonehenge en 'n ondergrondse parkeergarage, en dat dit opgerig is deur 'n groep Natte wat vermetel genoeg was om Afrikaans vir hulself toe te eien.

Jeanne Goosen was "gatvol vir die donnerse mentaliteit wat [Afrikaans] saam met hom sleep" en André P. Brink het gesê: "Op Paarlberg staan die fallusse maar. Hulle sê dit gebeur ook by 'n man wat opgehang word."

Volgens A. Van Niekerk, in die oorsig (2000) wat hy 25 jaar ná die oprigting van die monument geskryf het, herinner dit 'n mens steeds aan Afrikaans, egter nie meer om sy grootsheid nie, maar juis om sy broosheid en kwesbaarheid.

C. Simos wys in sy ongepubliseerde werkstuk *Paarl Taal Monument: Struggle during apartheid and post-apartheid* (2012) daarop dat Afrikaans deur meer as 'n derde van die land se bevolking as eerste of tweede taal gebruik word en noem die monument "a unifier of the greatest kind".

Dit gaan sleg, maar ons bou voort

En vandag, terwyl ekstremiste aan weerskante van die politieke spektrum steeds probeer om karikature van Afrikaanssprekendes lewend te hou, gaan talle (nuwe) kultuurorganisasies stilweg voort om 'n positiewe, Afrika-gerigte narratief oor die taal oor te dra.

Hierby skaar ons ons, want terwyl dit op die kort termyn duidelik sleg gaan met Afrikaans en ander inheemse tale op sekere terreine (soos die akademie en handel), moet die langtermyn doel van wedersydse respek en ontwikkeling van soveel moontlik Afrika-tale nagestreef word.

Die Taalmonument se naashoogste suil simboliseer immers dat die toekoms van Afrikaans in Afrika met mede-Afrikane is; daarom gee ons gereeld erkenning aan die wedersydse invloede van Afrikaans en ander inheemse tale op mekaar.

Die ATM se Neville Alexander-prestige-eerbewyse vir die bevordering van Afrikaans het verlede jaar aan Suzie Matlhola en Ernest Loth gegaan. Matlhola het onder meer self Afrikaans verder aangeleer, gratis naskoolse klasse aan leerders in Soweto begin gee en ook 'n ATKV-damestak in Soweto gestig wat vrouebemagtigingsprojekte van stapel gestuur het. "Die kinders is mal daaroor," het Matlhola gesê. "Vir hulle is dit pret en is daar g'n negatiewe aan gekoppel nie."

Loth is nie net 'n Afrikaansonderwyser by die Hoërskool Klein Nederburg in die Paarl nie, maar ook 'n skrywer, regisseur, dramaturg, beoordelaar, motiveringspreker en skilder wat Afrikaans op alle vlakke en in alle plekke bevorder. "Ek is so opgewonde oor als wat in Afrikaans gedoen kan word," het hy gesê. "Ek het nog soveel Afrikaanse dramatekste en draaiboeke wat ek wil aanpak; dis net 'n kwessie van tyd en geld."

'n Opbloei in die taal

Heelwat leerders, ook immigrante, leer Afrikaans in voormalige model C-skole waar hulle, volgens wat ons hoor, dit in die algemeen baie positief beleef as iets eksoties en as hul "geheime taal" beskou wat die ouers nie verstaan nie.

'n Paar taalswaeltjies maak nog nie 'n somer nie, maar ons moet die langtermyn-heling van Afrikaans in gedagte hou.'

Dis opmerklik hoeveel positiewe kommentaar daar oor Afrikaanses en Afrikaans op die I'm Staying-beweging se Facebook-blad is – en heelwat nie-moedertaalsprekers wat aandui dat hulle graag meer Afrikaans wil leer.

Ook op die musikale front is daar 'n opbloei in minder bekende variëteite van Afrikaans en in die sosiale media is daar 'n oplewing van belangstelling in Arabies-Afrikaans met 'n Facebook-blad wat spesifiek

daaraan gewy is. En uiteraard is daar die talle nuwe Afrikaanse rolprente, TV-programme, webtuistes, ensovoorts.

'n Paar taalswaeltjies maak nog nie 'n somer nie, maar ons moet die langtermyn-heling van Afrikaans en Afrikaanssprekendes in Suider-Afrika in gedagte hou. Die depolitisering van die taal en groter herpositionering daarvan as 'n kontinentale bate, nes met ander Afrikatale, verg tyd.

Bronne: *Reshaping Remembrance – Language Monuments* deur Siegfried Huigen (2011)

Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl: 40 jaar later deur Annemarie van Zyl en Jannie Rossouw (2015)

Die Afrikaanse Taalmonument – Van Konsep tot Gestalte (2017)